**<u>Oggenddiens</u>:** 21 Desember 2025
**<u>Leraar</u>:** Gerrit van Veuren
**<u>Tema</u>:** As God sê - "Moenie bang wees nie"

**JOSUA 11:6 (AFR2020)**

6 Die Here het vir Josua gesê: "Moenie vir hulle bang wees nie, want môre teen hierdie tyd sal Ek hulle almal doodgemaak aan Israel oorlewer. Hulle perde se hakskeensenings moet jy afkap, en hulle strydwaens moet jy verbrand."

**JOSUA 11:10, 12, 13 (AFR2020)**
10 "In daardie tyd het Josua teruggedraai, Gasor ingeneem en sy koning met die swaard doodgemaak. Vroeër was Gasor immers die **belangrikste** van al daardie koninkryke".

12 "Al hierdie koningstede, met al hulle konings, het Josua verower..."

13 "Net die stede wat op puinheuwels staan, is nie deur Israel afgebrand nie. Gasor was die enigste uitsondering – Josua het net dit afgebrand".

- As God sê: "Moenie bang wees nie", is jou "koning Jabin" reeds verslaan.
- As God sê: "Moenie bang wees nie", is jou berg reeds 'n molshoop.

PSALM 9:4-8 (AFR2020)

**4 Wanneer my vyande terugdeins,**
**struikel hulle en kom hulle om**
**vanweë u teenwoordigheid,**
**5 want U het my reg in my regsaak**
**gehandhaaf.**
**U het op die troon gesit**
**as 'n regverdige regter.**
**6 U het die nasies tereggewys,**
**die goddeloses vernietig;**
**hulle naam het U**
**vir altyd en ewig uitgewis.**
**7 Die vyand – hulle is tot niet,**
**puinhope vir goed.**
**Die stede het U ontwortel.**
**Die herinneringe aan hulle,**
**dit het verdwyn.**
**8 Die HERE regeer vir ewig;**
**Hy vestig sy troon vir die regspraak.**